

**Vrydag 19 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 7:15-23; HK Sondag 7, Vraag 21**

**Fokusgedeelte: Matteus 7:22**

### **'n Ware geloof? Nie wondergeloof nie**

Wondergeloof word volgens die Skrif op twee wyses geopenbaar. *Eerstens* verwys dit daarna dat 'n mens glo dat 'n wonder aan hom of haar kan geskied deur die krag van God. Dit was die geval met sommige in die tyd van Jesus se omwandeling op aarde wat deur Hom genees is, maar dan sonder dat hulle Hom waarlik liefgehad het en van harte wou dien as Redder en Saligmaker. Die nege melaatse manne wat wel deur Christus genees is, maar nie na Hom teruggekeer het om Hom te dank nie, is hiervan 'n duidelike voorbeeld (Luk. 17:11-19). Die saligmakende geloof is in die geval slegs by die Samaritaan aangetref wat na Hom teruggekeer het om Hom te dank. Daarom het Christus ook aan hom gesê: *“Jou geloof het jou gered.”* Die ander nege is wel van hulle melaatsheid genees, maar nie van hulle sondes gered nie.

*Tweedens* word onder wondergeloof verstaan die besondere gawe om buitengewone dade te verrig sonder dat 'n mens deur 'n ware geloof werklik aan Christus verbind is en Hom van harte liefhet. Hierdie wondergeloof het Judas Iskariot byvoorbeeld gehad. Hy het ook wonders gedoen in die Naam van die Here, maar sonder die egte band van liefde en ware geloof in Hom as Saligmaker (vgl. Luk. 10:17). Dit is hierdie wondergeloof wat ons ook vind by sommige sogenaamde gebedsgenesers van ons tyd wat soms wel daarin slaag om onder die skyn van ware geloof wonders te verrig. Jesus lig egter vir ons die sluier oor die toekoms van hierdie mense met hulle wondergeloof as Hy volgens Matteus 7:22 en 23 sê dat baie mense op die oordeelsdag sal kom en sê: *“‘Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bese geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?’ Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.”*

Met al hulle wondergeloof was hulle dus in werklikheid vreemd aan Christus. Daarom sê Paulus ook: *“Al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks”* (1 Kor. 13:2).

Ons moet onthou dat Satan en sy aanhangers ook mag het om wonders te doen. Daarom waarsku die Here ons daarteen sodat ons nie verblind en mislei word bloot deur wonders wat mense doen nie (Deut. 13:1-3). Ons moet God bid om aan ons onderskeidingsvermoë te gee om te sien of 'n wonder werklik van God af kom of nie.